

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V1

2021

BYLAE

Hierdie bylae bestaan uit 11 bladsye.

FIGUUR 1.1: STEDELIKE HITTE-EILAND-EFFEK GEDURENDE DIE DAG EN NAG

[Aangepas uit USA 2020, <https://www.epa.gov/heatislands/learn-about-heat-island>]


FIGUUR 1.3: MIDDELBREEDTESIKLONE

MIDDELBREEDTESIKLONE OOR DIE WES-KAAP

Suid-Afrika is een van 'n handjievol lande wat winterreënval in sekere gebiede en somerreënval in ander gebiede ontvang. Die suidwestelike punt van die land het 'n Mediterreense klimaat met warm, droë somers en koel, nat winters. Dit is as gevolg van middelbreedtesiklone wat in die winter verder noord migreer en die kant van die kouefront-arm toelaat om dwarsoor die mees suidelike deel van die land te skuif. Dit veroorsaak frontale winterreënval oor die Wes-Kaap. Die beweging van die kouefront oor die Wes-Kaap word oor die algemeen met 'n verskeidenheid weerstoestande geassosieer. Hierdie siklone kan 'n positiewe of negatiewe impak op toerisme hê.


[Bron: Eksaminator se uittreksel]

FIGUUR 1.4: HELLINGASPEK




[Aangepas uit <https://www.pmfias.com/temperature-distribution-earth-heat-budget-heat-balance>]

FIGUUR 1.5: DREINERINGSDIGTHEID




[Aangepas uit www.civiltee.hu.com]

FIGUUR 1.6: STROOMROOF




[Aangepas uit <https://www.google.com/search?sxsrf=ALeKk03IP8i1JV-ib25usPsiaZj8KuPD4g:1613590555668&source=univ&tbm=isch&q=river+capture+diagram&sa>]

FIGUUR 2.2: LAMINÊRE EN TURBULENTE VLOEI VAN 'N RIVIER



[Bron: bing.com]

FIGUUR 2.3: SINOPTIESE WEERKAART



[Bron: www.weathersa.co.za]


FIGUUR 2.4: SUID-AFRIKAANSE BERGWINDE**BERGWINDE IN KWAZULU-NATAL****Blog een**

Ons ervaar sedert Sondag bergwindtoestande in KwaZulu-Natal. Hierdie winde word veroorsaak deur 'n hoogdrukstelsel wat oor die binneland van Suid-Afrika voorkom en dit forseer lug oor die eskarp en teen die lykant van die Drakensberge af. Temperature kan binne 'n paar uur tot so hoog as dertig grade Celsius styg. Hierdie winde kan snelhede bereik wat wissel van 10 km per uur tot 100 km per uur en dit kan groot verwoesting saai.


Blog twee

Sondag was die wind baie sterk en temperature het gister en vandag hier in ons distrik vanaf die middel tiene tot die hoë twintigs gestyg. Hierdie tyd van die jaar staan ook in KZN as die brandseisoen bekend. Hierdie warm, droë winde is baie bevorderlik vir brande. 'n Vuur wat deur 'n bergwind van 100 km per uur aangedryf word, is onkeerbaar. Geen boer kan dit waag om sy plaas gedurende hierdie tyd te verlaat nie, aangesien 'n vuur sy lewenslange werk kan verwoes.

[Aangepas uit drakensviewblogspot.com]

FIGUUR 2.5: DREINERINGSPATRONE

[Bron: <https://www.bing.com/search?q=drainage+patterns&form>]

FIGUUR 2.6: FLUVIALE LANDVORME

[Bron: [https://www.bing.com/search?q=fluvial landforms+&form](https://www.bing.com/search?q=fluvial+landforms+&form)]

FIGUUR 3.3: GRONDHERVORMING

GRONDHERVORMING SORG VIR VERNUWING

Grondhervorming het die potensiaal om, veral in landelike gebiede, nuwe lewe in die ekonomie te blaas deur werkloosheid te verminder en om voorheen benadeelde boere die geleentheid te gun om kommersiële boere te word.

Dit het verder die kapasiteit om sosiale onrus te verminder deur die historiese en groot gaping tussen wit en swart grondeienaarskap te verminder. Ten spyte van samesprekings oor die belangrikheid daarvan sedert die 30%-herverdelingsteiken in 1996 gestel is, was grondhervorming nooit 'n politieke prioriteit nie. In plaas daarvan was dit in omstredeheid (geskille) gehul, met miljoene rand wat as gevolg van verskillende redes op mislukte projekte verkwis is. Hierdie redes strek van 'n onbekwame regering tot 'n tekort aan vaardighede en 'n gebrek aan besigheids- en finansiële ondersteuning.

Daar heers selfs onsekerheid oor die hoeveelheid hektaar wat oorgedra is. Die regering het verlede jaar aangevoer dat daar nog 'n lang pad voorlê. Daar word geskat dat daar sedert 1994 'n totaal van 17,4 miljoen hektaar wat onder wit eienaarskap was, oorgedra is. Dit is gelykstaande aan 21% van die 82,8 miljoen hektaar wat in Suid-Afrika vir boerdery gebruik word.

[Aangepas uit <https://www.farmersweekly.co.za/agri-business/empowerment/lessons-learnt-from-land-reform/>]

FIGUUR 3.4: VERSTEDELIKING


SUID-AFRIKA SE VERSTEDELIKINGSDATA (Bevolking in duisende)			
BEVOLKING	1950	2014	2050
Stedelik	5,778 (42,2%)	34,167 (64,3%)	49,102 (77,4%)
Landelik	7,905 (57,8%)	18,972 (35,7%)	14,304 (22,6%)
Totaal	13,683	53,139	63,405

[Bron: <https://businesstech.co.za/news/general/62749/sa-population-flocking-to-cities/>]

FIGUUR 3.5 GOUDMYNBOU IN SUID-AFRIKA**INLIGTING OOR GOUDMYNBOU**


- Die Witwatersrand-kom bly die wêreld se grootste goudbron.
- Goud se winste het van 2018 tot 2019 met 3,7% toegeneem, van R70 miljard tot R72,6 miljard.
- Goudproduksie het van 2018 tot 2019 van 117 ton tot 101,3 ton afgeneem.
- As gevolg van die huidige goudprys is meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse goudmynbounywerheid marginaal (maak minimale winste).
- Suid-Afrikaanse goud is slegs verantwoordelik vir 4,2% van die globale goudproduksie.
- Werkseleenthede in die goudsektor het met verloop van tyd afgeneem.
- Die goudnywerheid verskaf tans werk aan 95 130 mense in vergelyking met 100 189 mense in 2018.
- Totale werknemerverdienste het van R15,9 miljard in 2008 tot R24,3 miljard in 2019 toegeneem.

[Aangepas uit <https://www.mineralscouncil.org.za/sa-mining/gold>]

FIGUUR 3.6: PLATINUM-RUIMTELIKEONTWIKKELINGSINISIATIEF (ROI)

Die Platinum-Ruimtelikeontwikkelingsinisiatief (Platinum-ROI) is in Noordwes, Suid-Afrika, geleë. Hulle doelwit is om al die gebiede langs die N4-snelweg, wat Suid-Afrika se digstbevolkte gebiede met Lobatse in Botswana verbind, te ontwikkel. Die ontwikkeling van nodes langs die logistieke korridor het ten doel om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer. Rustenburg sal voordeel trek uit die verhoogde verkeer langs hierdie roete, wat uiteindelik Namibië en Mosambiek sal verbind.

[Aangepas uit <https://www.brandsouthafrica.com/investments-investing-in-north-west-province>]

FIGUUR 4.3: STEDELIKE GRONDGEBRUIKSONES

[Aangepas uit <https://www.google.com/search?q=urban%20land%20use%20zones&tbn=isch&hl>]

FIGUUR 4.4: STEDELIKE NEDERSETTINGKWESSIES: INFORMELE NEDERSETTINGS

[Bron: Collart Hervé | Credit: Sygma via Getty Images]

FIGUUR 4.5: VOEDSELSEKERHEID**DIE MATE VAN VOEDSELSEKERHEID IN SUID-AFRIKA**

Terwyl Suid-Afrika op nasionale vlak van voedsel seker is, is die land nog steeds onseker van voedsel op huishoudelike vlak omdat nie alle huishoudings toegang tot genoeg voedsel het nie. Arm huishoudings het 'n tekort aan geld om voedsel te koop en is nie in staat om hulle eie voedsel te produseer nie. Hierdie huishoudings het ook nie die vermoë om werk te verseker of om 'n inkomste te genereer nie. 'n Tipiese kenmerk van arm huishoudings is dat daar min mense is wat 'n inkomste verdien met baie afhanklikes, en hulle is veral kwesbaar vir ekonomiese skokke.

Volgens die verslag is meer as die helfte van die huishoudings met jong kinders wat honger is, in stedelike gebiede. Die betrokkenheid van huishoudings by landbou-aktiwiteite vir bestaansboerdery speel 'n belangrike rol om die kwesbaarheid as gevolg van honger te verminder. Die resultate toon dat sowat 2,5 miljoen huishoudings (15,6%) uit 16,2 miljoen huishoudings in Suid-Afrika by landbou-aktiwiteite betrokke was.

Alhoewel die hoofbron van inkomste in landelike huishoudings welsynstoelae was, het die meeste huishoudings wat by landbou-aktiwiteite betrokke was, bevestig dat die hoofrede vir hul betrokkenheid was om voedsel vir die huishouding aan te vul.

[Ekonomiese skok: 'n Onvoorspelbare gebeurtenis wat die ekonomie positief of negatief beïnvloed]

[Aangepas uit <http://www.statssa.gov.za/?p=12135>]

**FIGUUR 4.6: PORT ELIZABETH-UITENHAGE (NELSON MANDELA-METROPOOL)-
KERNNYWERHEIDSTREEK**